

Matteus 26:36-46 – Ds Hettie Wessels

Jesus in Getsemane

(Mark. 14:32-42; Luk. 22:39-46; Joh. 18:1-2)

³⁶Daarna kom Jesus met sy dissipels by 'n plek met die naam Getsemane, en Hy sê vir hulle: “Sit hier terwyl Ek daar gaan bid.”

³⁷Hy het vir Petrus en die twee seuns van Sebedeus saamgeneem. Toe het Hy bedroef en beangs geword ³⁸en vir hulle gesê: “Ek voel doodsbenoud. Bly hier en waak saam met My.”

³⁹Hy het 'n entjie verder gegaan en daar gekniel met die gesig teen die grond en gebid: “My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie lydensbeker by My verbygaan. Moet nogtans nie doen soos Ek wil nie, maar soos U wil.”

⁴⁰Daarna kom Hy na die dissipels toe terug en kry hulle aan die slaap. Hy sê toe vir Petrus: “Kon julle nie eens een uur lank saam met My waak nie? ⁴¹Waak en bid, sodat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is gewillig, maar die vlees is swak.”

⁴²'n Tweede keer het Hy gaan bid en gesê: “My Vader, as hierdie lydensbeker nie by My kan verbygaan sonder dat Ek dit drink nie, laat u wil geskied.”

⁴³Toe Hy terugkom, kry Hy hulle weer aan die slaap, want van die vaak kon hulle nie hulle oë oophou nie.

⁴⁴Hy het hulle weer alleen laat bly en 'n derde keer gaan bid en dieselfde woorde gesê. ⁴⁵Toe kom Hy na die dissipels toe terug en sê vir hulle: “Slaap en rus julle nog? Die uur het gekom. Die Seun van die mens word in die hande van sondaars oorgegee. ⁴⁶Staan op, kom ons loop. Kyk, die man wat My verrai, is hier naby.”

Preek

5 April 2020

Gebed vir Lydenstyd

O help ons Here in hierdie Lydenstyd

Om te vas van kritiek en om lofsegging te vier

Om te vas van bitterheid en om vergifnis te vier

Om te vas van kwaadwillige praatjies en om swye te vier

Om te vas van wanhoop en om hoop te vier

Om te vas van kla en waardering te vier

Om te vas van selfsug en om diens te vier

Om te vas van woede en om geduld te vier

Om te vas van selfbejammering en om deernis te vier

Om te vas van ontevredenheid en om dankbaarheid te vier

Om te vas van vrees en om geloof te vier.

- Onbekend

Vandag is Palmsondag.

Tradisioneel lees ons op hierdie dag van Jesus se triomftog in Jerusalem in op 'n Donkie se rug. Ons lees van mense wat hom inwag en toejuig!

“Prys Hom Loof Hom wat in die Naam van die Here kom!”

Maar vandag gee die Leesrooster vir ons 'n ander teks, toevallig ek twyfel. Vandag se teks wat deur duisende gemeentes reg deur die wêreld gelees word, handel oor Jesus in Getsemane saam sy dissipels die nag voor Hy gevange geneem is. Daar waar Jesus bloed gesweet het en vir sy dissipels gevra het om saam met Hom te bid. Ons gaan deur die loop van die erediens na Matteus 26 vers 36- 46 verwys.

Die tuin van Getsemane

Ons bevind ons vanoggend iewers na middernag in die Tuin van Getsemane... Die tuin van Getsemane – net die noem van die naam – plaas ons onmiddellik in 'n sekere kopspasie. Daar is sekere beelde wat in jou kop opkom. Prentjies wat deur jou kop flits Getsemane beteken Olyfpers... Die tuin is vol olyfbome en daar is olyfolie in die tuin gemaak in Jesus se tyd. Vandag nog kan die Tuin besoek word, en van die olyf bome wat daar staan was reeds in Jesus se tyd al ou bome. Ons teks vanoggend begin met die woorde:

Matteus 26

³⁶Daarna kom Jesus met sy dissipels by 'n plek met die naam Getsemane,

En Lukas 22:39

³⁹Jesus het die stad verlaat en volgens gewoonte Olyfberg toe gegaan, en sy dissipels het Hom gevolg.

Vir Jesus was Getsemane 'n plek van gebed.

Om in die Tuin van Getsemane te wees was niks ongewoons vir Jesus nie. Dit wil voorkom dat Jesus wanneer Hy in Jerusalem was, daarheen gegaan het om te bid.

Vroeër in Lukas lees ons

Lukas 21

³⁷Bedags was Jesus in die tempel besig om die mense te leer, maar snags het Hy uitgegaan en buite op die Olyfberg vernag. ³⁸In die môre vroeg het die hele volk dan weer in die tempel na Hom kom luister.

So wanneer Judas Jesus gaan soek om hom te verrai, het hy presies geweet waarheen om te gaan. Jesus het soos dit sy gewoonte was in die Tuin van Getsemane gaan bid.

Wat ons ook moet oplet is dat sy dissipels Hom gevolg het. Gevolg hier is om 'n dissipel te wees. Die dissipels het Jesus gevolg toe die skares om Jesus gedrom het en Hy wonderwerke gedoen het. Maar hulle het Hom ook gevolg daar waar sy menslikheid sigbaar was en Hy doodsbenoud was. Hy het hulle selfs ingenooi.

Jesus was nie 'n alleen leier nie, Hy het sy dissipels baie naby aan Hom toegelaat, en daarom was dit moontlik vir Judas om hom te verrai, maar dit is ook vir sy dissipels moontlik om hierdie intense intieme oomblik tussen Vader en Seun te beleef.

In hierdie dae word daar baie gebede rondgestuur. Mense maak beloftes aan mekaar dat hulle vir mekaar sal bid.

Gebed is 'n geskenk van God aan ons.

Vanoggend saam in die Tuin van Getsemane, die plek waar Jesus gebid het, Beleef ons die krag van gebed. Dat dit die potensiaal het om jou radikaal te verander.

Sommer so terloops het jy 'n plek wat jou plek is waar jy bid? 'n Spesiale plek waar jy vroegoggend of laat aand ongesteurd kan bid?

Getsemane was so plek vir Jesus.

B. Jesus het hom ook afgesonder in die tuin.

Matteus 26

³⁶ en Hy sê vir hulle: “Sit hier terwyl Ek daar gaan bid.” ³⁷Hy het vir Petrus en die twee seuns van Sebedeus saamgeneem. Toe het Hy bedroef en beangs geword.

Hier is die prentjie:

Nadat hulle almal saam die die Paasmaal geëet het in die bo-kamer het Jesus en sy 11 dissipels terug geloop na Betanië. Die Paasmaal was 'n Joodse feesviering om mekaar te herinner aan die verlossing van die volk uit slawerny. Dit was 'n spesiale familiemaal, en die feit dat Jesus dit met sy 12 dissipels deel, is 'n bewys van die waarde van hulle verhouding as 'n surrogaat familie. Maar Jesus is op pad terug na Betanië. Judas was nie meer saam met hulle nie. Hy het vroeër gegaan om sy plan uit te voer om Jesus te verrai.

Terwyl Jesus en sy dissipels met die Olyfberg opgaan stap hulle verby die Tuin van Getsemane, Jesus stop by die ingang en los agt van sy dissipels daar terwyl Hy in die Tuin ingaan om te bid. Hy neem Petrus, Jakobus en Johannes saam met Hom. Nadat Hy hulle vra om saam met Hom te waak en te bid vertel Lukas vir ons dat Hy 'n klipgooi van hulle af gaan sit om te bid. Dan val hy op die grond neer en bid alleen tot God.

Lukas 22: ⁴¹Hy het Hom toe van hulle afgesonder omtrent so ver as 'n mens met 'n klip kan gooi. Daar het Hy gekniel en gebid:

En daar is tye in ons lewens, wat ons ook nodig het om alleen met God te wees. Een van ons verskonings is altyd tyd, ons besig wees. Op 'n baie vreemde manier het daar nou vir ons tyd oopgegaan. Dalk is daar nou tyd vir jou om alleen by God uit te kom.

C. Tydens hierdie geleentheid het Jesus geweldige angs beleef.

Matteus 26

Vers: ³⁷Hy het vir Petrus en die twee seuns van Sebedeus saamgeneem. Toe het Hy bedroef en beangs geword ³⁸en vir hulle gesê: “Ek voel doodsbenuid. Bly hier en waak saam met My.”

Dit was 'n tyd wat gevul is met intense gevoelens, en vrees. Lukas sê Jesus het bloedgesweet. Jesus het geweet wat agter die skerms besig was om te gebeur... Dit wat vir Hom wag.

Die Evangelie van Johannes sê dat Jesus die Bo Kamer verlaat het en saam sy dissipels na die Tuin van Getsemane gegaan het – om daar te kom het hulle die Kedronspruit (Johannes 18) oorgegaan. Hierdie klein stukkie detail in die Johannes evangelie maak 'n groot stuk agtergrond geskiedenis vir ons oop. Die Kedronspruit het van die tempel berg af gevloei.

Op die dag van Paasfees, is duisende lammers geoffer vir die sonde van die mense. En die bloed van hierdie lammers het met die spruit afgevloei. Hierdie bloederige water was 'n herinnering vir wat sou kom. Die Kedronspruit speel in die Ou Testament 'n belangrike rol.

Die volk Israel se geskiedenis is afgode... elke kort-kort was daar 'n koning wat weggedraai het van die Here en dan het hulle afgode begin aanbid. Van die oomblik wat hulle Egipte verlaat is die versoeking daar. Israel maak 'n goue kalf om te aanbid. Wanneer Moses van die berg afkom verbrand hy die afgod en strooi die as in 'n spruit. Moses dwing die volk om die water van die spruit te drink wat by die berg afkom.

Dit word die voorbeeld vir die regverdige konings van Israel, elke keer wanneer 'n nuwe regverdige Koning die vorige koning se afgode vernietig, word die as in die Kedron spruit gegooi.

Ons lees dit oor:

- Koning Asa in 1 Kon 15
- Koning Josia in 2 Kon 23
- Koning Hiskia in 2 Kron 29

Jesus beweeg oor die Kedron spruit – as Johannes vir ons hierdie inligting gee, wil hy ons herinner aan die geskiedenis. Daar is 'n nuwe Koning en Hy gee Homself om die bande van die afgode te vernietig. Die Koninkryk van God het aangebreek.

D. Jesus moes deur die angste na aanvaarding beweeg.

Matteus 26

³⁹Hy het 'n entjie verder gegaan en daar gekniel met die gesig teen die grond en gebid: “My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie lydensbeker by My verbygaan. Moet nogtans nie doen soos Ek wil nie, maar soos U wil.”

Ek is nie heeltemal seker wat die slegste gedrag is vir 'n leier om te ervaar van sy naaste volgelinge nie: verraad, as iemand jou verlaat, ontkenning – of as hulle aan die slaap raak in jou diepste angste.

Dit is moeilik om te glo dat ons, ons geloof verskuldig is aan hierdie klomp manne wat so swak vertoning lewer hier in die tuin van Getsemane. Jesus weet wat voorlê, sy gees is gewillig maar die vlees deins terug met die wete van marteling en vernedering wat voorlê. Maar soos 'n lojale en waardige Seun bid hy ook sonder huiwering: “Nie my wil nie Vader, maar soos U wil”

Wat is God se wil vir Jesus?

Dit is NIE God se wil, God se doel en bedoeling, dat Jesus moet sterf nie. Dit IS God se wil dat Jesus nie sal huiwer om aan te kondig dat God se Koninkryk gekom het nie. Van die begin van Jesus se bediening kondig Hy af: die koninkryk van God het naby gekom. Nou verwag die Vader dat Hy sal aanhou om hierdie GOEIE NUUS te deel – selfs al wag daar 'n bloedige konflik met die Romeinse Ryk. In effek is Jesus besig om te bid vir moed en versekering van God “om die uur te kan deurstaan”

Lukas sê dat God het 'n Engel gestuur om Jesus by te staan.

En alhoewel die Matteus teks dit nie direk sê nie, lyk dit of Jesus se gebed beantwoord word – want Jesus kan sy dissipels wakker maak en sê kom, dit is tyd om te gaan. Jesus beweeg van angste na aanvaarding.

Partymaal kom ons na God in gebed en sê... “God ons dink dit is hoe dit moet gebeur... hier is die probleem en hier is die oplossing” En ons moet vry voel om dit te kan doen.

Maar omdat hy ons Hemelse Vader is, weet Hy wat die beste vir ons is, Hy gee nie altyd wat ons wil hê nie. Met terug skoue kan ons sê: Dankie Vader vir onbeantwoorde gebede.

E. Jesus het begrip vir sy dissipels se menslikheid in hierdie uur.

Matteus 26

⁴⁰Daarna kom Hy na die dissipels toe terug en kry hulle aan die slaap. Hy sê toe vir Petrus: “Kon julle nie eens een uur lank saam met My waak nie? ⁴¹Waak en bid, sodat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is gewillig, maar die vlees is swak.”

⁴²'n Tweede keer het Hy gaan bid en gesê: “My Vader, as hierdie lydensbeker nie by My kan verbygaan sonder dat Ek dit drink nie, laat u wil geskied.”

⁴³Toe Hy terugkom, kry Hy hulle weer aan die slaap, want van die vaak kon hulle nie hulle oë oophou nie.

Nou ons moet simpatie met die dissipels hê. Dit was 'n besige week. Dit was eers die Triomftog van Jesus in die stad in met die waai van palm takke en hosannas. Daarna die reiniging van die Tempel en die konflik met die godsdienstige leiers. Die Paasmaal in die bo kamer was baie intens. Jesus was hulle voete. Hy wys sy verraaier aan. Teen die tyd wat hulle verby Getsemane loop, is dit lank verby middernag. Hulle was moeg. Hulle wou doen wat Jesus van hulle gevra het... maar hulle kon net nie meer nie, en raak aan die slaap. En wanneer Jesus terug kom en hulle aan die slaap kry merk ons sy geduld en verstaan op. Hy herinner hulle net rustig wat hulle eintlik moet doen. Die gees is gewillig maar die vlees is swak.

F. Daar vind vernuwing in Jesus plaas.

Matteus 26

⁴⁵Toe kom Hy na die dissipels toe terug en sê vir hulle: “Slaap en rus julle nog? Die uur het gekom. Die Seun van die mens word in die hande van sondaars oorgegee. ⁴⁶Staan op, kom ons loop. Kyk, die man wat My verraa, is hier naby.”

Wat 'n verandering! Net 'n paar verse gelede was Jesus vol angs, bloedsweet! Maar hierdie is 'n totaal ander prentjie.

Jesus sê: Dit is tyd ! Staán op, kom ons loop!

⁴⁶Staan op, kom ons loop. Kyk, die man wat My verraa, is hier naby.”

Nuwe verstaan:

1. Die Bybel vertel ons dat Jesus dikwels die hele nag gebed het. Hy het dikwels homself afgesonder om te bid. Hy het sy dissipels en volgelinge in voorbeeld herinner hoe belangrik gebed is. So wanneer die nood opdaag, toe die krisis daar is, was Jesus gereed om dit te kan hanteer.

Skietgebede en noodgebede kry 'n dieper betekenis en help ons om radikaal te verander as daar reeds 'n egte en diep verhouding is met God Drie Enig. Wanneer noodgebede uit 'n plek van 'n verhouding met God kom – is jy gereed vir enige iets wat oor jou pad kom. Anders raak gebed amper 'n soort bygeloof of towerstaffie wat alles moet reg tower. Jy pluk dit net uit in 'n noodgeval en bêre dit tot die volgende berg in die pad is.

'n Noodgebed kom outomaties as daar 'n verhouding is, is dit 'n reaksie op 'n sekere wete.

Dit is goed om die prentjie van Getsemane so af en toe in jou verbeelding op te soek. Dit help jou onthou dat die grootste gevegte in jou lewe op jou knieë gewen word. Dat gebed jou transformeer eerder as om die wêreld te manipuleer.

2. Gebed versterk ons om ons moeilikhede te kan hanteer, eerder as wat dit ons omstandighede verander. Soms verander ons omstandighede maar die meeste van die tyd gee God vir ons die krag om dit wat ons moet leef in Sy krag te doen eerder as om die omstandighede te verander.

Wanneer Jesus bid “Laat die beker by my verbygaan” antwoord God: dit is al manier hoe my KONINKRYK kan kom. En dan ontvang Jesus die krag.

Wie is Jesus die Seun van God?

Hierdie is seker die mees menslike verhaal wat vir ons opgeteken is in die Bybel. Jesus die Seun van God wat bloedsweet van ang. Jesus wat by sy Vader pleit... Asb is daar nie 'n ander manier nie?

Hoekom sou dit vir ons belangrik wees om dit te weet. Al vier die Evangelies berig hieroor. Dit is 'n ander Jesus wat by die Tuin uitstap as die Jesus wat daar ingestap het.

God wil hê ek en jy moet weet dat die Koninkryk van God nie somer maar maklik-maklik in die wêreld aangebreek het nie. God wil hê ek en jy moet weet Hy verstaan lyding en ook Hy beleef ang in die aangesig van swaarkry.

As die wêreld bloedsweet oor 'n virus wat soos 'n veldbrand versprei en duisende lewens eis, staan God nie op die kantlyn sonder begrip nie. Dit is die Seun van God wat sy volgelinge innooi en sê kom saam met my kom kyk, kom bid saam met my want ek is bang. God verstaan ons ang. In die Tuin van Getsemane het Hy dit self beleef.

En weet jy wat as ons menslike lywe ingee onder die druk en die spanning en ons aan die slaap raak onder gebed. Dan verstaan Hy dit ook. Die troos is dat dit juis dan is wat Hy aanhou bid. Die wil van God is nie dat ek en jy moet ly nie. Die wil van God is nie dat ek en jy moet swaarkry nie. Die wil van God is dat ons die moed sal hê om die Koninkryk van God te laat kom ook wanneer ons doodsangs beleef. God verander nie noodwendig ons omstandighede nie, maar in 'n diep verhouding voorsien God die krag om te beweeg van bloedsweet na: “Kom ons gaan!”

Mag jy dit opnuut in hierdie tyd beleef.

AMEN

ILL. Someone wrote:

I prayed for strength that I might achieve.

I was made weak that I might learn humbly to obey.

I asked for health that I might do greater things.

I was given infirmity that I might do better things.

I asked for riches that I might be happy.

I was given poverty that I might be wise.

I asked for power that I might have the praise of men.

I was given weakness that I might feel my need for God.

I asked for all things that I might enjoy life.

I was given life that I might enjoy all things.
I got nothing I asked for, yet everything I'd hoped for.
Almost despite myself, my prayers were answered.
I am among all men most richly blessed!
These are stressful times. We need a Garden at Gethsemane, a place where we can go & recognize that we're not strong enough or wise enough to do what God has called us to do. We can only do it as we realize His strength & His blessings in our life.

Gedig:

Dankgebed (Sheila Cussons)

"Heer, ek glo in U: versterk my geloof.
Ek vertrou op U: versterk my vertrou.
Ek bemin U: laat ek U nog meer bemin.
Ek is spyt oor my sondes: verskerp my spyt.
Ek aanbid U as my eerste begin,
ek verlang na U as my laaste einde,
ek loof U as my gedurige hulp,
ek roep U aan as my liefdevolle beskermmer.

Laat u wysheid my lei,
korrigeer my met u regverdigheid,
vertroos my met u genade,
beskerm my met u mag.
Ek gee U my gedagtes, Heer, laat hulle oor U wees;
my woorde: dat hulle U in gedagte steeds hou;
my dade: dat hulle my liefde vir U mag weerspieël;
my lyding: om verduur te word tot u groter heerlijkheid.
Ek wil doen wat U van my vra:
soos U dit vra,
solank U dit vra,
omdat U dit vra.
Heer, verlig my begrip,
versterk my wil,
reinig my hart,
en maak my heilig.
Help my om my sondes van die verlede te erken,
en om versoeking in die toekoms te weerstaan,
help my om my menslike swakhede te bowe te kom
en om sterker te word as Christen.
Laat my U liefhê, my Heer en my God,
en help my om myself te sien soos ek is:
'n pelgrim in hierdie wêreld,
'n Christen geroep om die lewens wat ek aanraak
te respekteer en lief te hê,